NWK Webblad:

Eiendomsbelasting:
Soos versoek deur die lede van Agri Lichtenburg tydens die vergadering gehou op 23 Maart 2009, gee ons hiermee terugvoer vanaf die Eiendomsbelasting komitee.

Tydens die vergadering is die munisipaliteit dringend aangeraai om die waardasierol ongeldig te laat verklaar en by die Minister van Plaaslike Regering aansoek te doen om uitstel vir implementering van die Wet tot 1 Julie 2010. Ongelukkig is daar geen ruimte in die Wet gelaat vir implementering na 1 Julie 2009 nie. Daarom het die Munisipaliteit vir tyd gevra om ‘n interne ondersoek na die rol af te handel

Die munisipaliteit gaan ‘n persoon aanstel om die waardasierol na te gaan en die ontbrekende eiendomme aan te teken, en geselekteerde eiendomme se waardasies na te gaan.

Ditsobotla Munisipaliteit is bewus van die foutiewe waardasies, asook die feit dat daar baie eiendomme is wat nie op die waardasierol verskyn nie. Die datum vir die indiening van besware is dus verleng na 14 April 2009.

Die eindomsbelasting komitee vergader weer op 21 April 2009, om uitsluitsel te kry oor die waardasies van plase en die regstellings wat gemaak is of gaan word. Ons sal dan eers weet wat die omvang van die besware is en wat die Munisipaliteit beoog om te doen aangaande die toestand van die waardasierol. ‘n Tweede rondte van besware word moontlik beplan, wanneer die ontbrekende eiendomme bygevoeg word en daar moontlik ‘n verandering aan waardasies gedoen word. Hierdie hang egter af van die verloop van die vergadering op 21 April. Lede sal op hoogte gehou word.

Tydens hierdie vergadering sal die komitee ook die Belastingbeleid dokument en die Munisipale begroting bespreek.

‘n Beroep word op alle grondeienaars in die Ditsobotla Munisipale area gedoen, om hulle waardasies op die waardasierol na te gaan, aangesien besware voor 14 April 2009 ingedien moet word.

Die waardasierol is ook vir besigtiging by Agri NW-Hoofkantoor beskikbaar tesame met beswaarvorm hierdie beswaarvorms moet ingevul en aan Agri NW-Hoofkantoor terugbesorg word voor of op 14 April 2009 sodat die nodige ontvang erkenning by Ditsobotla Munisipaliteit verkry kan word by inhandiging.

VIR VERDER NAVRAE:

Christoph Schulenburg 082 944 4579
Herman Swanepoel 082 857 4498